

17 April

Skrifgedeelte: Hebreërs 8

Fokusgedeelte: Hebreërs 8:6

'n Beter en nuwe verbond

'n Beter verbond wat op uitnemender beloftes gegrond is, met Jesus die nuwe Middelaar, is deur God ingestel. Die hoëpriester en sy priesterlike werk was vir die ou verbondsvolk 'n baie belangrike saak. Daarsonder was Israel nie volk van God nie.

Maar sy volk het Hom teleurgestel en die ou verbond verbreek. Hulle het dit só verrinneweer dat God hulle bestraf en besluit het om die oue met 'n nuwe te vervang. Die nuwe verbond sou 'n nuwe Hoëpriester nodig hê. Die Seun het mens geword en op aarde sy Hoëpriesterlike werk begin. Maar dis nie afgehandel of stopgesit nie. Hy is vandag nog ons enigste Hoëpriester. Die profesie van Jeremia 31 gaan in vervulling in die besondere werk van Jesus.

Sommige dele van die ou verbond gaan voort in die nuwe. Die fondament daarvan bly staan: Ek sal vir julle 'n God wees en julle sal my volk wees. Die gebou word egter groter omdat dit uit alle volke, nasies en tale gebou sal word. Maar die hoogtepunt van die nuwe verbond is die genade van sondevergifnis. So volkome het Jesus sy Middelaarswerk gedoen dat daar aan die sonde van die verbondskind nooit weer gedink sal word nie. Die rol van die wet sal anders wees. Dit sal op die harte van die verbondskinders geskryf word. Deur die Gees word die denke van die mens nuut gemaak om God se wil te soek. Dit is voorwaar 'n beter verbond met uitnemender beloftes. Glo jy dat die Seun jou Hoëpriester is? Deur Hom alleen het jy deel aan die nuwe verbond.

Sing: Psalm 98:1 Dr Callie Opperman (Windhoek-Suid)